# *Afrikaans Eerste Addisionele Taal*

# *Graad 11*

# *Betreklike Voornaamwoorde*

## **Notas**

1. Identifiseer die **SLEUTELWOORDE**. (Dit is gewoonlik die woorde wat in albei sinne voorkom.)
2. Skryf die **EERSTE SIN TOT EN MET DIE SLEUTELWOORD** neer.
3. Bepaal watter betreklike voornaamwoord om te gebruik:
   - **Is daar 'n voorsetsel vóór die sleutelwoord in die TWEEDE** sin?
     - (N) → **WAT**
     - (J) → **VOORSETSEL + WIE** (as die sleutelwoord **'n mens** is)
     - (J) → **WAAR + VOORSETSEL** (as die sleutelwoord **'n dier/ding** is) *(een woord)*
4. Skryf nou die **TWEEDE SIN** neer **met die werkwoord / hulpwerkwoord aan die einde.** *(Die betreklike voornaamwoord werk soos 'n GROEP 3-voegwoord.)*
5. Onthou 'n **komma**.
6. Skryf die **res van SIN EEN** neer.

**UITSONDERINGS:**

met wat = waarmee
vir wat = waarvoor

**BYVOORBEELD:**

A. **Die boom** het voor ons huis gestaan. My pa het **die boom** afgekap.
   → **Die boom WAT** my pa afgekap het, het voor ons huis gestaan.

B. **Die meisie** leen altyd my boek. Ek sit langs **haar** in Afrikaans.
   → **Die meisie** langs **WIE** ek in Afrikaans sit, leen altyd my boek.

C. Gister het ek **my waterbottel** verloor. Ek drink elke dag uit **my waterbottel**.
   → Gister het ek **my waterbottel WAARUIT** ek elke dag drink, verloor.

## NOG REËLS:

- Soms sal 'n woord soos **DAARMEE, DAARVOOR, DAARBY**, ens. in die plek van die sleutelwoord in die **TWEEDE SIN** voorkom.
  - **Vervang die D met 'n W** en gebruik dit as jou verbindingswoord. (Byvoorbeeld: daarmee → waarmee)
- **Wanneer eienaarskap (possession) aangedui word:**
  - As iets aan 'n **MENS** behoort = **WIE SE**
  - As iets aan 'n **DING** behoort = **WAARVAN DIE**